

Sing vooraf staande: Skrifberyming 3-4:1, 2, 3 (nuut)

- 1 U, Christus, is my lewe, / die sterwe wins vir my.
In lewe en in sterwe / is ek aan U gewy.
- 2 As ek nog hier moet lewe, / beteken dit vir my
dat ek vir die gemeente / nog langer diensbaar bly.
- 3 Maar as ek nou moet sterwe / om by die Heer te wees –
Ook dít is my verlange, / ook dáártoe dring my gees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslael!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 32:1, 3 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Gebed

Psalm 84:3, 6 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Skriflesing: Levitikus 1

Kernverse: Levitikus 1:9

Maar die binnegoed en die pote moet hy met water was, en die priester moet dit alles op die altaar aan die brand steek as brandoffer, 'n vuuroffer van lieflike geur aan die HERE. (Levitikus 1:9 AFR1953)

Tema: Ons brandoffer aan die Here; om ons geheel en al aan Hom toe te wy

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons doen en sê soms dinge waaroor ons bitter jammer is omdat dit so baie dinge verongeluk. Jy sê iets vir 'n ander persoon en dit verongeluk julle verhouding bykans onherstelbaar. Jy neem 'n besluit en na 'n tyd kom jy agter dat dit sekerlik die domste besluit was wat jy kon geneem het. Dit is oor hierdie dinge wat ons sê en doen wat maak dat ons alles sou wou gee om net van vooraf te begin – nuut te begin. Die ongeluk is egter dat 'n mens nie altyd die geleentheid kry om van nuuts af te begin met verhoudings met mense nie of om besluite ongedaan te maak nie.

Gelukkig is dit nie altyd ten opsigte van alles so dat 'n mens nie tog op 'n manier van vooraf kan begin nie. 'n Nuwe lewensjaar is in 'n sekere opsig so 'n nuwe begin wat die Here uit genade aan alles en almal gee. In sy algemene genade gee die Here van hemel en aarde aan alle mense 'n nuwe jaar om nuut te begin. En die gevolg van hierdie algemene genade wat die Here aan sy ganse skepping skenk, is dat baie mense mooi voornemens vir die nuwe jaar het. Baie mense wil dinge beter doen of iets vir die eerste keer begin doen. Miskien het jy ook vandag sulke voornemens – iets in jou lewe wat jy beter wil doen of vir die eerste keer wil doen. Mag dit vir jou dan ook so gelukkig wees dat jou voornemens werklikheid word.

Dit is ook goed en reg om mooi voornemens oor baie dinge te hê. Maar ek vertrou tog dat ons by al die baie voornemens wat ons het die heel eerste en belangrikste voorneme vir ons altyd sal wees om in ons verhouding met die Here nog meer volwasse te word. Mag dit ons almal se begeerte wees dat ons liefde vir Jesus Christus nog sterker word en ons nog nader en nog meer gehoorsaam aan ons hemelse Vader lewe. Wanneer dit gebeur, word ons Here God geëer en groot gemaak soos wat dit hoort.

Broers, susters en kinders, dit is egter nie net ons mense se begeerte dat ons nader aan die Here sal leef nie. Die Here begeer self dat ons in 'n baie hegte en intieme verhouding met Hom sal groei en lewe. Ons hoor van hierdie begeerte van die Here in die hele boek Levitikus. Ons hoor dit in die heel eerste twee verse van die gedeelte wat ons gelees het.

En die HERE het Moses geroep en met hom gespreek uit die tent van samekoms en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: As iemand van julle aan die HERE 'n offer wil bring, kan julle jul offer bring van vee — van beeste of van kleinvee. (Levitikus 1:1, 2 AFR1953)

Ons sien dit in die plek wat die tent van ontmoeting moes inneem in die lewe van die volk.

Die tent van ontmoeting is 'n ander benaming vir die tabernakel. Dit is hier in die allerheiligste deel van die tabernakel waar die verbondsark gestaan het. Dit is hier in die heilige deel van die tabernakel waar die priesters daaglikse ingegaan het om wierook te offer en vir die volk te bid. Dit is hier in die voorhof van die tabernakel waar die altaar was waarop die offers daaglik vir die Here gebring is. En hierdie tent van ontmoeting was gevul met die magtige teenwoordigheid van die Here. Die Here wil in die midde van sy volk se ganse lewe wees, want Hy wil hê dat sy volk voortdurend in 'n hegte verhouding met Hom sal leef – 'n verhouding waarin hulle hulleself volkome aan Hom oorgee.

Aangesien Israel deur die magtige daede van die Here uit die slawehuis van Egipte verlos is en Hy hulle heeltemal van die farao se oorheersing bevry het, wil hulle hulle dank en toewyding aan die Here demonstreer. En die wyse waarop die mense in die Ou Testament hulle dank en toewyding aan die Here gedemonstreer het, was onder andere deur offers vir die Here te bring. Nou neem die Here, net soos by die verlossing, ook die inisiatief om vir sy volk te sê op watter wyse hulle die beste dank en toewyding aan die Hom sal demonstreer.

Die brandoffer was in besonder die offer waarin die gelowige sy of haar algehele toewyding aan die Here gedemonstreer het omdat dit die enigste offer is waar die offerdier heeltemal verbrand is. Dit is

ook saam met die volgende vier offers, wat in Levitikus beskryf word, vrywillige offers wat spontaan deur die gelowige gebring word omdat hy of sy dankbaar is vir die genade wat die Here gee. Aangaande die brandoffer is daar vier sake wat vir ons duidelik word:

- Wie die brandoffer mag bring aan die Here
- Watter diere as brandoffer mag gebruik word
- Watter seremonies die Here by die brandoffer beveel
- Die eer wat die Here ontvang deur die brandoffer

- Wie die brandoffer mag bring aan die Here

Ten eerste, die mense wat die Here roep om met Hom 'n hegte verhouding te hê. Enigiemand, man of vrou, kon 'n brandoffer vir die Here aanbied. Almal word geroep om naby die Here te leef. Geen mens word uitgesluit nie. Soos dit later duideliker word, kan ryk en arm, mense met aansien in die gemeenskap en die doodgewone een van wie baie mense nie eers notisie neem nie in 'n hegte verhouding met die Here leef.

Maar om in 'n intieme verhouding met die Here te leef, is nie iets wat sommer so lukraak en op 'n afstand gedoen word nie. Alles wat die gelowige moet doen by hierdie offer wys daarop dat 'n gelowige beslis aktief betrokke is. Die gelowige bring self die offerdier na die tent van ontmoeting, hy maak self die dier dood en slag dit af en sny dit in stukke en was al die mis uit die binnegoed uit en van die pote af. Volle oorgawe in die diens aan die Here beteken jyself is in alles persoonlik betrokke. Selfs die belangrike rol wat die priester met die bloed van die offerdier moet vervul, beteken nie dat die aanbieder maar net 'n passiewe toeskouer is nie.

Geliefdes, niemand van ons kan vir iemand anders 'n verhouding met die Here onderhou of in die plek van iemand anders diens aan die Here verrig nie. Elkeen van ons word deur die Here geroep om self met Hom 'n verhouding te hê en self ons diens aan Hom te verrig. Die kerkraad kan nie namens die gemeente dit doen nie en ouers kan dit nie in die plek van hulle kinders dit doen nie.

Die persoonlike betrokkenheid van die gelowige by die brandoffer word beklemtoon deurdat die gelowige sy of haar hand op die kop van die offerdier moet plaas. Met hierdie handeling word nie gesê dat die offerdier eiendom van die gelowige is nie. Nee, hierdie handeling dui daarop dat die offerdier in die plek van die gelowige op die altaar sterf en verbrand word. Ons kom weer terug hierop.

- Watter diere as brandoffer mag gebruik word

Ten tweede, die offer wat vir die Here aanneemlik is. Die offerdier kon 'n bul, 'n skaap- of bokram of 'n duif wees. Aangesien dit 'n vrywillige offer is, maak die Here dit duidelik dat niemand uitgesluit word wanneer dit kom by toewyding aan Hom nie. Elkeen wat sy dank en toewyding aan die Here wil demonstreer moet dit kan doen. Die gelowige wat 'n bul kan offer, doen dit, en die een wat 'n ram kan offer, doen dit. Maar die arm gelowige wat nie 'n bul of 'n ram kan bekostig of eers besit nie, mag nie weens sy armoede nie 'n hegte verhouding met die Here hê nie. Vir hulle gee die Here self die offerdier. So 'n gelowige mag 'n tortelduif of 'n ander duif in 'n wip vang en dit as brandoffer vir die Here aanbied. Niemand staan op grond van sy bankrekening nader aan die Here as 'n ander een nie. Elke gelowige, ryk of arm, jonk of oud, man of vrou, mag tot die Here nader.

En tog is die Here spesifiek oor watter soort offerdier vir Hom as brandoffer aangebied word. Die brandoffer is nie die geleentheid om van daardie sieklike en minderwaardige dier in jou kraal ontslae te raak nie. Daar mag geen liggaamgebrek aan die offerdier wees nie. Die Here gee net die beste wanneer dit by die verlossing van sy mense kom, daarom verwag Hy ook net die beste wanneer dit by die diens aan Hom kom. 'n Offer wat niks kos nie, beteken ook niks nie. Wie goedkoop diens aan die Here gee, sal maar 'n oppervlakkige en armsalige belewenis hê van die lewende God. Broers,

susters en kinders, wanneer ons maar afskeptydjies afstaan vir die diens aan die Here en nie kans sien om die beste vir die Here te gee nie, moet ons nie verbaas wees as ons ook maar so 'n flouerige gevoel van die Heilige Gees se werk in ons lewens beleef nie. As 'n mens nie daarop ingestel is om voluit die Here te dien nie, sal jy ook nie voluit die werk van die Here en sy nabyheid in jou lewe beleef nie.

- Watter seremonies die Here by die brandoffer beveel

In die derde plek is daar spesifieke dinge wat gedoen moet word by die brandoffer. Die gelowige wat die offerdier vir die Here aanbied, slag self die dier af en sny dit in stukke op. Die binnegoed moet uitgewas en die pote skoongewas word, want niks wat vuil is, mag op die altaar van die Here kom nie. Daarom moet die priester ook die krop van die duif en die inhoud daarvan verwyder voordat dit geoffer word. 'n Volgehoue verhouding met die Here en diens waarin ons onself geheel en al aan die Here toewy, vereis dat ons alle hindernisse uit ons gedagtes en lewens moet verwyder. Wanneer ons die Here dien, moet ons nie aan allerhande ander dingetjies dink nie. Daardie verkeerde gedagtes en daede en woorde wat ons verhinder om regtig naby aan die Here in sy heilige teenwoordigheid te wees daarvan moet ons ontslae raak. Laat ons daarom aanhoudend smeeke dat die Heilige Gees ons hiermee sal help, want sonder die werk van die Heilige Gees gaan ons dit nie regkry nie.

Verder moet die bloed van die offerdier teen die altaar uitgestort of gesprinkel word. Later in die boek Levitikus maak die Here dit duidelik waarom bloed so belangrik is. Bloed is die lewe van die dier, en wanneer bloed gestort is, beteken dit dat 'n lewe geneem is en geoffer is aan die Here in die plek van die gelowige se eie lewe ter versoening vir sy sondes. En dan word die ganse offerdier op die altaar verbrand. Niks mag oorbly vir die mens om nog te gebruik nie, want die hele offerdier behoort aan die Here. Die hele dier gaan in rook op en dit is 'n offer met 'n lieflike geur wat deur die Here aanvaar word.

- Die eer wat die Here ontvang deur die brandoffer

En die laaste saak wat duidelik word, is die verering wat die Here met hierdie offer ontvang. Alhoewel hier nie van sonde of selfs spesifieke sondes gepraat word nie, sê die Here tog dat die offerdier **as 'n versoening vir die gelowige aanvaar word**. Die verhouding tussen die Here en die mens kan alleenlik heg en intiem wees wanneer dit wat in die pad staan uit die weg geruim word. By die brandoffer gaan dit nie oor 'n spesifieke sonde nie, maar oor dit wat die mens van nature is, naamlik 'n sondaar tot in sy diepste wese. Om in vrede en harmonie met die Here te leef, moet ons iets aan ons eie sondige geaardheid doen, ons moet dit erken en voor die Here bely en mettertyd daarvan ontslae raak.

Verder ontvang die Here dank en lof van die gelowige deur die brandoffer. Dit gaan dus nie maar net oor die uiterlike handeling nie – 'n mens bring 'n brandoffer nie sommer net so terloops nie. 'n Brandoffer is 'n offer uit die hart van die gelowige uit omdat hy of sy God wil dank en loof oor wie Hy is. Dit gaan dus in besonder oor die gesindheid van die gelowige se hart by hierdie offer. En dan word die algehele verbranding van die offerdier 'n afbeelding van die gelowige se algehele toewyding aan die Here. Niks minder nie as hierdie totale en ongekwalfiseerde oorgawe van die gelowige, afgebeeld in die brandoffer, is 'n gepaste reaksie op die Here se volgehoue genade en liefde.

Die ongeluk met die brandoffer vir die Here, soos met baie ander dinge wat ons vir die Here doen, is dat ook dit deur die sondige geaardheid van die mens bederf is. Die brandoffers het later in die geskiedenis van Israel ook iets geword wat sommer so terloops gedoen is. Hulle harte was nie meer daarby betrokke nie en hulle lewens het nie meer getuig van 'n volle oorgawe aan die Here nie. Omdat die brandoffers van Israel so leeg en niksseggend geword het, het die Here sy eie Offerlam voorsien. Dit wat afgebeeld is in die brandoffer het ons Here Jesus voluit kom vervul. Hy het Homself

totaal oorgee in sy diens aan sy Vader. Hy het Homself laat opgebruik in sy gehoorsaamheid aan sy Vader. En dit wat afgebeeld is in die brandoffer wil die Here hê moet steeds voortgaan in die lewe van elke mens wat aan Hom behoort.

Jesus Christus se offer aan die kruis was 'n vrywillige offer van sy kant af aan sy Vader. Vrywillig het Hy die mensdom se sondes op Hom geneem en sy lewe afgelê in ons plek sodat ons nie self moet sterf vir ons sondes nie. Jesus was nie verplig om vir ons te sterf nie, maar Hy wou omdat sy Vader die wêreld liefhet. En Jesus se algehele oorgawe van Homself aan die kruis om te sterf en begrawe te word, word deur Paulus beskryf in die taal van die brandoffer. Jesus se offer aan die kruis was **'n offer aan God tot 'n lieflike geur**. Petrus praat ook oor die kruisoffer van Christus in die taal van die brandoffer. Jesus Christus is **die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is**. Hy is volmaak in elke opsig, want Hy is ook sondeloos.

Maar, geliefdes, die besondere betekenis van die brandoffer word vir ons beskryf, wanneer die Hebreërskrywer Psalm 40 aanhaal en op Christus toepas en dit so sê:

“Dit is nie diereoffer of graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U My gegee het. Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie! Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe.” (Hebreërs 10:5-7 AFR1983)

Jesus Christus se offer aan die kruis is die heel beste en heel laaste bloedoffer wat gebring is om ons eens en vir altyd vir God af te sonder en sy eiendom te maak.

Nou is geen offer meer nodig waar bloed gestort word nie. Al wat nou nog oorbly is om onself in alles wat ons is en het in diens aan die Here oor te gee. Dit beteken dat ons onder leiding van die Heilige Gees daaglik nougeseet aandag sal gee aan ons eie sondigheid deur dit te bely voor die Here en aan Jesus ons Verlosser vas te hou. Dit beteken dat ons in alles wat ons dink, doen en sê, daarop uit moet wees om dank en lof aan die Here toe te bring. Die eintlike diens wat ons aan die Here bring, is nie net ons saamkom in die erediens of wanneer ons saans huisgodsdienste hou nie, maar ons hele lewe wat ons as lewende heilige offers aan die Here oorgee. Dit is immers nie iets wat iemand anders in ons plek kan doen nie. Net elke gelowige self kan sy en haar diens aan die Here verrig. Die Here begeer immers dat elkeen van sy kinders in so 'n hegte en intieme verhouding met Hom sal lewe.

'n Sendeling in die Verre Ooste het by geleentheid geskryf: *Net een lewe, dit is al wat ons het om te offer. Hoe kan ons dit gebruik tot die grootste eer van God en tot die grootste seën van ander mense? Hoe kan ons so bruikbaar as moontlik wees en so effektief as moontlik as Christene?* (Michael Griffiths).

Die brandoffer gee vir ons die antwoord op hierdie vrae. Hierdie een lewe wat ons het, moet aan die Here geoffer word. Gelowiges wat werklik die wonder van God se genade vir hulle waardeer, het nie 'n lewe van hulle eie nie, en hulle begeer ook nie 'n lewe van hulle eie nie. Niks is vir hulle meer bevredigend nie as om die Here tevrede te stel met 'n lewe wat net daarop gerig is om Hom te vereer en te verheerlik.

Geliefdes, die Here gee aan ons die groot genade om te kan lewe. En vanoggend gee Hy aan ons die geleentheid om nuut te begin in ons verhouding met Hom, of om beter te doen as voorheen. Ons kan – deur die inwerking van die Heilige Gees – onself geheel en al aan Hom toewy uit dankbaarheid vir sy liefde en genade. Kom ons maak hierdie voorneme 'n werklikheid.

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde^{en}aan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe^{en}of offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^{en}ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 Oktober 2011